ELITE PRESTASIEGROEITOETSKLAS VAN VLEISSENTRAAL EN SA STAMBOEK 2016

Die Elite Prestasiegroeitoetsklas van Vleissentraal en SA Stamboek vind elke jaar plaas. Jong bulle neem elke jaar deel aan die prestasie toetse in samewerking met die LNR en SA Stamboek. Vleissentraal is die hoofborg van hierdie prestige geleentheid in Bloemfontein gedurende die Bloemfontein Skou. Daar is sekere kriteria waaraan die bulle moet voldoen en hierdie jaar het 16 Bulle van 16 verskillende rasse gekwalifiseer. Tydens die skou word die bulle dan visueel beoordeel op voorkoms. Ons is baie trots dat die Pinzgauer Bul vanjaar kon wen. Dit is ook die vierde keer in vyf jaar dat Bulle van ZZ2 Veeboerdery met die louere kon wegstap. Verlede jaar is 'n PinZ²yl Bul, Mathomo Leroy van die Mathomo PinZ²yl Stoet van ZZ2 as kampioen gekroon.

Zetzettwee Heinz, B13 – 0090; Eienaar: Zetzettwee Pinzgauer Stoet van Bertie van Zyl (Edms) Bpk